Die Sending van die N.G. Kerk O.V.S.

INFORMASIE OOR DIE BUITEPOS-ARBEID

Liewe Ondersteuner,

Dit is met blydskap, en tog ook met enige weemoed dat ons hierdie inligtingsbrief tot u rig:

Blydskap omdat die werk hier in N.O. Rhodesië waar ons kerk sedert 1899 sendingwerk doen, grootliks deur middel van die groot aantal preekposte wat deur u bemiddeling moontlik gemaak is, uitgegroei het tot 'n eie inheemse kerk met 'n hele aantal selfstandige gemeentes (12 in N.O. Rhodesië, 21 in die hele Noord-Rhodesië), met eie kerkrade en eie naturelle leraars en/of evangeliste. Die ontwikkeling het nou die stadium bereik dat besef word dat terwille van die Koninkryk van die Here, terwille van die inwendige groei van die gemeentes, en ook terwille van die onsekere politieke situasie, ons gevestigde inheemse gemeentes nou verantwoordelikheid vir die geestelike werk in die gemeentes moet aanvaar, en nie langer moet steun op van buite af gesalarieerde preekposonderwysers nie. Die getuienis van die gewone gelowige moet nou tot sy reg gebring word. In stede van langer onderwysers te betaal om op die bepaalde poste verantwoordelik te wees vir geestelike werk, sal die kerkraadslid in samewerking met gevorderde gelowiges in sy betrokke wyk, self toesig hou oor, en toesien dat dienste, katkisasieklasse en Sondagskole gereeld gehou word en dat die Evangelie ook die heiden in sy dorpie bereik.

Daar is dankbaarheid in ons hart dat ons die "Bottelstadium" nou kan verbysteek en ons preekposonderwysers uit die gevestigde Christelike areas kan onttrek, om die wat nog sterk genoeg is om te kan voortgaan na definitiewe heidense areas, waar die Christelike gemeente nog haas nie wortel geskiet het nie, te stuur. Veral is daar dankbaarheid omdat in meeste gevalle die Christene hierdie taak van die preekposonderwyser sal kan oorneem — ja, in werklikheid reeds begin oorneem het.

Ons het gesê dat daar ook weemoed is, omdat ons en soveel van u deur die jare van getroue ondersteuning deur bydraes en voorbidding verbind geraak het aan bepaalde preekposte, en nou in 'n sekere mate van die bepaalde pos losgemaak word. Egter tog net in 'n *"sekere mate"*, omdat ons graag wil dat u sal besef dat die eerste treë van die opgroeiende baba wankelend mag wees, dat die volle gewig van die taak in sekere gevalle baie swaar mag druk, *dat in 'n bepaalde gebied* dit moontlik moeilik mag gaan om geskikte en gewillige christene te vind, om met die werk voort te gaan. Daarom word u dringend versoek om in u voorbidding nog gereeld te dink aan die werk verbonde aan u ou pos, want,

en dit is belangrik, die werk moet, en, glo ons, sal daar voortgaan soos van ouds, met die verskil dat in plaas van gesalarieerde getuienis daar nou die vrywillige ongesalarieerde getuienis gehoor sal word.

Die werk eindig egter nie hier nie. Terwyl meeste van die ou preekpos-onderwysers nou afgegaan het op pensioen, is die klein getal wat oorbly saam met die onderwysers vir skole vir volwassenes ('n groep hoër gekwalifiseerde onderwysers: Std. IV plus verdere opleiding teruggebring na 'n opfrissingskursus van enkele maande te Madzimoyo waar al die klem op geestelike toerusting vir hul *evangelisasietaak* laat val is en hulle is nou in *areas* geplaas waar weinig of geen Christene nog is nie, vir die intensiewe bearbeiding van daardie areas. U gewaardeerde en onmisbare ondersteuning word dan voortaan aangewend om hierdie voorwaartse stap moontlik te maak.

Om verskillende redes (soos b.v. die gedurige verskuiwing van werkers na strategiese posisies, hoër salarisskale van werkers ens.) het die Sendingraad besluit dat dit beter is dat ons ondersteuners voortaan verbind aan 'n betrokke heidense *area* waar ons 'n konsentrasie van werk het, as aan slegs een bepaalde pos in daardie area. U sal dan ook in die vervolg, solank die Here ons toelaat om met hierdie werk voort te gaan, gereeld op hoogte gebring word van die vordering van die werk in daardie area. Dit sal, glo ons, nie alleen meerdere belangstelling by ons ondersteuners prikkel nie, maar ook meer gekonsentreerde voorbidding vir bepaalde werkers in 'n bepaalde gebied meebring. Ons wys daarop dat die onkoste van die Sending verbonde aan so 'n area aansienlik hoër is as die bedrag wat een buiteposondersteuner jaarliks vir die doel bydra. Daarom sal meer as een ondersteuner gevra moet word om in te staan vir so 'n area.

Vervolgens wys ons ook daarop dat, afgesien van die salarisse van hierdie kleiner getal (ongeveer 50) buiteposonderwysers, die Sending ook nog aansienlike verdere uitgawes het i.v.m. die Evangelisasie-aksie en ons noem in die verband die volgende:

(a) Die Moederkerk skenk jaarliks 'n bedrag van £500 aan die Inheemse Kerk wat gebruik word om te help met die salariëring van naturelle leraars en evangeliste in heidense areas, omdat daar nog nie genoeg Bantoe Christene in sulke areas is, om ten volle in te staan vir hulle salarisse nie, maar benewens dit kry die inheemse kerk ook finansieel swaar om die kop bo water te hou;

(b) Daar bestaan ongeveer 100 kinderskole van ons Sending in die Oostelike Provinsie. Hierdie skole moet ook nog beskou word as sentrums van evangelisasie omdat die onderwysers by al die skole gebruik word om te help met sondagskool, katkisasie en die hou van dienste op Sondae. Hierdie plekke word ook gereeld deur die blanke sendeling, bestuurder van skole en naturelle leraar besoek met die oog op geestelike bearbeiding.